A 3.1.2 TAAKSPAN MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE ONTWIKKELING

'N STORIE VAN KERKWEES WAT BEGIN IS OM MENSE TE BEREIK WAT TANS NIE DEEL VAN ENIGE GELOOFSGEMEENSKAP IS NIE

Opdraggewer: Taakspan Missionale Ekklesiologie
Navorsingsdiensverskaffer: Eenheid vir Innovasie en Transformasie Ekklesia Stellenbosch
Navorsingsleier: Dr Pieter van der Walt (021 808 4713 of pietervdw@sun.ac.za)
Navorser: Ds Ankia du Plooÿ (021 808 9060 of innovation@sun.ac.za)

DIE TAAKSPAN SE DEFINISIE VIR NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE IS:
'n Vars uitdrukking van kerk of nuwe geloofsgemeenskap is 'n vorm van kerkwees wat begin is met die hoofdoel om hulle te bereik wat TANS NIE deel is van enige ander kerk/geloofsgemeenskap NIE.

DIE VOLGENDE KATALISATORS KAN AANLEIDING GEE TOT DIE ONTWIKKELING VAN NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE:

1. DIE HUIDIGE DEMOGRAFIE VAN 'N GEMEENTE VERANDER.
Dit is veral die belewenis van middestad gemeentes (maar daar is ook ander wat soortgelyk verandering beleef), waar die voorheen hoofsaaklik blanke, Afrikaanse woonbuurt verander na 'n meer kultureel diverse woonbuurt. Die gemeente word dan "gedwing" om die nuwe inwoners van die omgewing te bedien op nuwe en kultureel toepaslike maniere. Dus, dikwels verander die bestaande gemeente se manier van bediening en nuwe mense word bereik met die evangelie. Die gemeente het 'n gedaanteverwisseling ondergaan meer as wat dit 'n doelbewuste nuwe geloofsgemeenskap is, maar nietemin het daar 'n nuwe diverser geloofsgemeenskap ontstaan.

2. NUWE GEOGRAFIESE UITBREIDINGS EN ONTWIKKELINGS.
Woonbuurte en stede wat verder uitbrei en ontwikkel skep nuwe geleenthede vir bestaande gemeentes om in die nuwe ontwikkeling 'n bediening te begin, waar nuwe mense wat in die ontwikkeling intrek bedien kan word. Hierdie herinner aan die tradisionele wyse waarop die NG kerk altyd te vore gegroei het - met nuwe gemeentes wat in 'n nuwe gebied gestig word deur bestaande gemeentes.

3. DOELBEWUSTE NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE WAT BEGIN WORD.
Hierdie kan by enige gemeente plaasvind, waar daar nie noodwendig nuwe ontwikkelinge is of geen groot demografiese veranderinge ondergaan nie, maar waar 'n gemeente besluit om 'n nuwe geloofsgemeenskap te begin vir mense wat tans nie bereik word deur die huidige bedieninge nie. Hierdie is die naaste aan die Fresh Expressions gedagte.

4. BESTAANDE DIENSWERK/DIAKONAAT WAT NA 'N TYDJIE DOELBEWUSTE GELOOFSVORMING BEGIN IMPLIMENTEER.
Tans het baie NG gemeentes bestaande diakonale bedieninge of diens van barmhartigheid projekte, waar daar noodverlening, sosiale ontwikkeling en diens geskied. Baie van hierdie projekte sal tot nuwe geloofsgemeenskappe kan lei, indien daar doelbewuste evangelisasie en geloofsvorming as deel van die projek plaasvind.

DIE DOEL VAN HIERDIE PROJEK:
Om die verhale van reeds bestaande nuwe geloofsgemeenskappe te vind en neer te skryf, as inspirasie en voorbeeld vir ander gemeentes om ook daaroor na te dink en te oorweeg.

Om bogenoemde doel te bereik is die volgende vrae aan 'n taakspanlid van Missonale Ekklesiologie in elke Sinode gestuur:
- Hoe het julle begin?
- Waar kom julle bymekaar?
- Wat doen julle?
    - Om gemeenskap te bou
    - Om God te aanbid

- Om diens te lewer na buite
- Saam met ander kerke/geloofsgemeenskappe

- Wat bring tans vir julle vreugde?
- Watter uitdagings beleef julle tans?
- Watter lesse het julle geleer?
- Watter wenke sou julle kon gee vir gemeentes wat 'n nuwe geloofsgemeenskap wil begin?
- Hoe is die verhouding tussen die gemeente en die nuwe gemeenskap gestruktureer?

1. DIE VOLGENDE GEMEENTES/ORGANISASIES/NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE/PERSONE HET AAN DIE PROJEK DEEL GENEEM:

NOORDELIKE SINODE:

1. Echo Community
2. Zama Zama Hope 4 U Foundation
3. Arcadia Faith Community
4. Capital Park Faith Community
5. Vision of Hope Foundation
6. Stellastraat Faith Community

OOS-KAAP:

7. Anchor of Hope

NOORD-KAAP:

8. NGK Hartskroon

KZN:

9. NGK Durban: Metropool en Middestad
10. Ds Leonardi Stroop

OOSTELIKE SINODE:

11. Gospel at Pub en Jakob se Put deur Gawie Malan

2. HIERMEE DUS DIE TERUGVOER OP DIE VRAE VAN BOGENOEMDE DEELNEMERS (DEELNEMERS WORD MEESTAL WOORDELIKS AANGEHAAL):

HOE HET JULLE BEGIN?

- Begin met 'n spreekkamer by 'n skool. Dit ontwikkel later in 'n aksie vir jongmense in nood, meestal buite kerklike jongmense uit gebroke gesinne.
  Ons motto "*don't tell them Jesus loves them 'till you are ready to love them too*".
  Gou besef dis nie genoem om jongmense bloot te beraad of vir hulle te preek nie – dit lei tot die begin van ons eerste Echo huis.
  Begin informeel in 1999 en in 2001 word NGO gestig.
- Was betrokke by die Daspoort Kliniek. Hulle het 'n satelliet-kliniek oopgemaak in die Zama Zama Plakkerskamp in Pretoria-Wes. Maak vriende met die pastoor. Sy sien die behoefte van 'n creche vir kinders in Zama Zama wie se ouers bedags werk. Sy begin om 30 babas en klein kindertjies in haar huis op te pas. Ons begin weekliks na haar huis gaan en speel met die kinders, lees Bybelstories en laat hulle inkleur. Gelyktydig hiermee begin ons 'n naaldwerkklas een keer per maand vir vroue in die plakkerskamp, onder die bome by die pastoor se huis.
- Destydse Arcadia gemeente begin in 1995 met dienste aan swart en engelstalige persone in Arcadia. Staan bekend as multi-kulturele diens. Aanvanklik deur paar dominees hanteer maar uiteindelik het een dominee daarvoor verantwoordelikheid geneem. Dit groei en bereik hoogtepunt as multi-kulturele bediening tussen 2004-2008. Op 'n stadium word 23 verskillende kulture verteenwoordig. Vandag is die bediening oorwegend aan Suid-Afrikaners wat ongeveer 8-10 kulture verteenwoordig en die visie is besig om in 'n ander rigting te beweeg.
- Dit was 'n natuurlike uitvloeisel van die studente bediening aan die Tshwane Universiteit vir Tegnologie wat verander het.
- Ons het begin met 'n voedingskema in 2012, by 'n skool vir 120 leerders, waar ons daagliks vir hulle kos gegee het asook voorsien het in hul en hulle gesinne se persoonlike behoeftes. Die projek beloof R30 000/maand. Die gemeente kon dit nie befonds nie en ons moes buite die

boks dink. Rustenburg word omring deur myne wat donasies aan nie-winsgewende organisasies maak. So begin ons storie van hoop, met die stigting van ons eie nie-winsgewende organisasie.

- Baie huiswerkers in ons omgewing kan nie oor naweke huis toe gaan of hul eie kerk bywoon nie. Hulle kom in parkies en onder bome bymekaar om te aanbid. Ons kry 'n groep bymekaar en hoor of ons hulle kan help om 'n ruimte te skep waar hulle 'n geloofsgemeenskap kan stig. Ons tree in gesprek met VGK Melodi ya Tshwane sodat 'n predikant die geloofsgemeenskap kan help bedien. So begin Stellastraat Faith Community.
- As deel van ons gewone uitreikaksie (EEIII) na die omgewing, begin ons in 2007 uitreik n adie dwelmhandelaars in ons omgewing. Met 'n filmaand kom 9 Nigeriërs tot geloof en 4 van hulle begin ons eredienste bywoon. Vanuit hierdie gebeure word 'n opheffingsaksie vir die gemeenskap gebore en begin ons met rekenaarklasse. Dit is uitgebrei na: Adult Education, English conversational classes, Driver's License training, Business entrepereneurial training en Sewing classes.
- Die gemeenskap ontstaan na die tweede wêreld oorlog om vir mense met gestremdhede en geen heenkom het nie 'n tuiste te skep. Die dorp Graspan het 350 huise, elke op een morg gebou. Tydens die apartheidsjare help die regering die gemeenskap met saad en implemente om hulle 1 morg grond te bewerk en so 'n lewe te maak. Na 1994 neem die swart en kleuring gemeenskap 'n groot deel van die blanke gemeenskap in. Een groep van die blanke gemeenskap word met vragmotors na Namibië geskuif.
- Dit ontstaan deurdat die predikant verskeie mense ontmoet in die middestad waaruit verskeie kerke en bedieninge ontstaan, oa: die Moriah Christian Church, 'n gemeente wat veral onder vlugtelinge uit Burundi, Rwanda en die noord-ooste van die DRK werk, His hands ministry ontstaan vanuit 'n straatbediening – dit lei tot 'n bediening onder straatmense, prostitute, gevangenisse, dwelmslawe en dwelmhandelaars, Spirit Fire Ministries – 'n gemeente wat vlugtelinge vanuit die Kongo bedien, tydens die xenofobiese geweld ontstaan 'n bediening wat fokus op middestad konflik areas en nuwe kerklidmate word in bestaande gemeente geïntegreer, Jesus Throne Ministries – 'n Zulu gemeente met 'n gereformeerde aard, bediening by 'n tehuis vir bejaardes, tolhekke waarby ons bedien. Alles begin waar God werk.
- Woon die SACLA konferensie by in 2003 en nav die besprekings besluit ons om 'n bediening te begin wat mense bystaan wat geen konstante inkomste het nie. In 2006 begin 'n paar lidmate ook met 'n kroegbediening om gemarginaliseerdes en eensames in kroeë te ontmoet en by te staan.

WAAR KOM JULLE BYMEKAAR?

- Mense woon saam in 14 huise. Die huise in verskillende stede en dorpe eet weekliks by 'n huis of 'n gemeente. Daar is ook Echo eredienste.
- Die Plakkerskamp
- Die kerkterrein
- In die kerkgebou van die ou Arcadia kerk (word nou genoem Arcadia kampus van NGKerk Pretoria)
  In die kerkgebou van Capital Park Concordia
  NG Stellastraat se Kapel
  Opheffingsaksie word bedryf vanuit kerkgebou
  Die kerkgebou, kerksaal en pastorie is aan 'n lidmaat verkoop. Erediens word steeds in kerkgebou gehou wat gehuur word by die lidmaat vir R100/maand.
  Gebruik NGKerk Durban as hoofsentrum waar 5 gemeentes gehuisves word
  Gemeentefasiliteite
- Die organisasie het so uitgebrei dat dit aparte kantore in die dorp het
  McDonalds Transport
  Old Fort Sentrum
  Huur van saal
- Tehuis vir Bejaardes
- Tentbedieninge
- Karpark
- Oop veld
- Koffiewinkel
- Kroeë
- Groentetuin

WAT DOEN JULLE?

OM GEMEENSKAP TE BOU

- Woon saam in 14 huise
- Gaan creche en speel met kinders
- Woon soms op Sondae hulle kerkdienste by
- Hou saam piekniek
- Sondagskoolkamp
- Moedersdag en Vadersdag geleenthede
- Jaarafsluiting
- Langer kerk (2-3 ure) – kuier dan saam
- Eet een keer per maand saam na die erediens
- Betrek ander denominasies se leiers met 'n passie vir gebroke gemeenskappe – hieruit vloei verskeie projekte. Hierdie projekte bring mense met dieselfde uitdagings dikwels saam en ook met dieselfde passie.
- Kuier voor en na eredienste saam met tee en verversings.
- Nooi mense saam na eredienste
- Bid saam
- Omgeegroep werk onder arm gemeenskap (Bv kersfeesprojek, skoolklere en skoolbenodighede, winterprojek, finansiële hulp vir mediese besoeke). Buiten hierdie projekte is omgeegroep voogde vir arm gesinne om hulle regdeur die jaar geestelik te versorg.
- Gemeente-ete
- Wyke kuier saam
- Werk saam aan fondsinsamelings
- Fokus op herstellende geregtigheid
- Werk saam met finale jaar maatskaplike studente om mense te beraad
- Verskaf mediese versorging en regshulp deur gelowige medewerkers
- Deel verhale van dit wat ons beleef
- Doen aktiwiteite saam en ondersteun mekaar se "besighede"
- Kamp gereeld saam en hou wegbreekgeleenthede

OM GOD TE AANBID

- Weeklikse eredienste
- Weeklikse saam bid geleenthede
- Bid en vas kampe
- Hou een keer 'n maand saam nagmaal
- Lees Bybelstories vir kinders
- "*Bible School*" vir skoolgaande kinders in plakkerskamp
- Vakansieprogram vir 40 kinders van plakkerskamp
- Kinderkerk
- Saam bid, saam gesels en saam lees geleenthede
- Eucharistiese erediens is sentraal
- Fondasie van elke projek is evangelisering – God is die enigste bron van Hoop en daarom het ons nodig om die kerk na mense toe te neem.
- Die gemeente se hele bedieningstyl het verander, studente word deel van die gemeente en prysuitdelings is deel van die Sondag erediens.
- Hou vroue aanbiddingsgeleenthede
- Geleenthede vir mans
- Plek vir aanbidding vir elkeen, maak nie saak wie jy is en hoe jy lyk nie
- Daaglikse eredienste en geloofsbyeenkomste
- Volgehoue opleiding en evangelisasie programme
- Sentrum is altyd oop, daar sal iemand wees om jou te ontvang en saam met jou te bid

OM DIENS TE LEWER NA BUITE

- Woon saam met weerlose jongmense
- Echo Kids – daaglikse Bybelklasse by 11 skole met 35 vrywilligers
- Jaarlikse Matlala uitreik met 160 jongmense

- Plaaslike eco skoonmaak en rommel optel dae
- Gee naaldwerkklasse vir vroue van plakkerskamp
- Doen berading met moeders van die plakkerskamp
- Gee vir gesinne in plakkerskamp groente uit ons groentetuin
- Uitreik na gemeenskap elke drie maande
- Rede vir die stigting van Vision of Hope was om kerk te mobiliseer om buite die hekke va die kerk 'n verskil te maak in die lewens van mense wat God nie ken nie of nie by 'n kerk betrokke is nie.
- Die geheim vir ons is om nooit 'n bediening van 'n ander gemeente of organisasie te kopieër, of oor te neem nie, maar om juis vir daardie unieke geleentede (gaps) te soek.
- Samel geld in vir VGK studente om te studeer.
- Opheffingsaksie is gefokus om diens te lewer buite die gemeente
- Nader besighede om op kerkterrein 'n VKO te begin
- Gefokus op armoede versorging
- Fokus op gemeenskapsdiens en diensbaarheid
- Werk in 'n netwerk van omtrent 80 organisasies en bedieninge. Baie van hierdie bedieninge is hoogs gespesialiseerd en daarom kan ons mense met baie dinge help. Alles is na buite gerig en almal is altyd welkom.
- Ons sluit niemand uit nie, veral nie ongelowiges, soekers en twyfelaar nie. Ons het 'n spesiale roeping na hulle.
- Ons maak baie van sosiale media gebruik

SAAM MET ANDER KERKE/GELOOFSGEMEENSKAPPE

- Interkerklik
  Werk volledig interkerklik oor alle rasse en tale
  Engels is dikwels die voertaal om almal te akkommodeer
- Een maal per maand 'n gebedsbyeenkoms in Capital Park met al die kerke daar. Daar is goeie skakeling met die Anglikane op die Tut Kampus.
- Hou saam kermis met NG Stellastraat
- Hou gesamentlike eredienste 2 keer per jaar
- Feesdienste saam met VGK Melodi ya Tshwane
- Verskeie gemeentes en organisasies maak dit moontlik om die opheffingsaksie mee te kan voort gaan deur fondse, skenkings, studie materiaal en mannekrag
- Tydens lang vakansies skakel in by buurgemeentes se eredienste
- Verskillende kerke bedien saam die ouetehuis en hou saam Pinkster
- Bedien gesamentlik die Jeug
- Hou as Ring saam 'n tienerfees en bied in Desember 'n #ImagineKids aan vir hele gemeenteskap se kinders
- Nou ringgemeentes om deel te word van kersmark en kerssangdiens
- Gesamentlike vrouebedieing
- Gesamentlike mannenaweek
- Ons werk in die konteks van die groter Kerk van Christus van wie ons 'n klein deeltjie is en bly verbind aan mekaar. Ons vra dus nie of iemand amptelik lidmaat van die kerk is nie. Ons vra: Hoe kan ons jou help?
- Werk saam met ander gemeentes en geloofsgemeenskappe

WAT BRING TANS VIR JULLE VREUGDE?

- Community: saam leef, hou gereeld partytjies
  Vind vreugde in saam wees
  Om saam met ander die lewe te deel, goeie en slegte dinge – almal ondersteun mekaar
- Saam vakansie hou
- Lewens wat verander
  Om mense se lewens te sien verander
  Vreugde van die afgetrede bank rower wat skriba by een van ons gemeentes is
  Vrou wat na 45 jaar van prostitusie nou musiekbegeleiding in een van ons gemeentes hanteer
  Wonderlik om mense te sien wat weer moed en hoop het, wat 'n werk gekry het, wat 'n nuwe besigheid begin het, wat hulp kry met 'n probleem, maar om die transformasie in mense te sien wat 'n lewende verhouding met jesus Christus gevind het, bly steeds die grootste vreugde.

- Nuwe leiers wat na vore kom
- Persoonlike storie: Ek was in die hospitaal en groot was my verbasing toe een van ons rehabiliterende sekswerkers by my opdaag om vir my te kom bid. Ons leer om kerk te wees wat werklik oop is almal en ons leierskap koop in.
- Twee kollegas, een is charismaties en swart en ander is gereformeerd en wit. Saam is hulle besig om nuut te dink oor kerkwees in die stad.
- Dis lekker dat daar 'n gemeenskap is wat mense uit verskillende kultuurgroepe verwelkom
- Ons is opgewonde oor mense se lewens handomkeer verander. Bly 'n wonderwerk elke keer wat ons 'n kind sien wat ons gehelp het uit ondraaglike omstandighede wat 10 jaar later in 'n goeie beroep staan.
- Ons is verheug oor vrywilligers wat net aanmeld om 'n verskil te maak, omdat hulle 'n passie en 'n visie het vir gemeenskap. Die oomblik wat 'n vrywilliger aanmeld om 'n projek van hoop te loods, omdat hulle hoop ontvang het – dis daardie oomblik wat jy weet dat jou missie geslaag het om gebrokenes te mobiliseer tot 'n beter lewe.
- Oomblikke wat jy net weet God se guns is sterk op hierdie projek, wanneer die projek bonatuurlik befonds word en groei en uitbrei groter as wat jy kon bid of dink.
- Gevestigde bediening, konstante groei, belangstelling en gesonde gemeenskap
- Om te beleef hoe God hoop gee vir mense sonder of met baie min hoop
- Energie wat die gemeente tans beleef
- Gemeente vind vreugde in wete dat hulle waardig genoeg is om kerk te wees op hierdie klein plekkie.
- God gee elke dag sodat ons kan gee (Bv God gee 120 roomkoeke, pakhuis vol klere, God bou, God maak geboue vol, God voed die kinders)

WATTER UITDAGINGS BELEEF JULLE TANS?

- Verandering en groei is stadig en pynlik
- Mense wat terugval in dwelms ens
- Finansies: gemeente is arm en moet van vooraf leer wat dit beteken om offervaardig te wees
  Befondsing bly een van die grootste uitdagings – finansiële volhoubaarheid is vir ons van uiterste belang
  Fondse
  Finansiële uitdagings
- Sukkel om mense te hou: mense in gemeente is in transito
- Soos wat swart lidmate toegeneem het en die kultuur verander het, het ons whities weggeraak
  Uitdagend om verhoudinge tussen wit en swart te bestuur
- Die veelvlakkigheid en verskeidenheid van mense is so groot dat ons nie weet hoe om ons lering te verpak nie (Bv in een Bybelstudie het ons mense met M-grade en netjiese beroepe en dan is daar oor 'n sekswerker wat nie kan lees en skryf nie)
- Ons is klein en ontwikkel nie genoegsaam leiers nie
- Ons moet dikwels die organisasie hersien en herstruktureer om seker te maak dat al die projekte steeds binne die visie van die organisasie is, asook of dit nog volhoubaar is.
- Ons moet konstant evalueer om seker te maak dat ons nog aan al die vereistes van 'n "BEEE level 4" organisasie voldoen.
- Min mans en kinders is deel van die bediening
- Genoegsame werkers (volunteers)
  Net sekere mense wat betrokke raak, meeste/almal is ongelowiges. Dit is moeilik om ander gelowiges te betrek, want daar is nie 'n vertroue met hulle nie.
- Volhoubaarheid
- Uitdaging om xenofobiese geskille te bestuur
- Groeiende armoede wat mense moedeloos maak
- Uitdagings wat die Grondwet bring
- Uitdagings wat die kerkleer bring
- Uitdagings rondom mediese probleme en gesinsprobleme
- Groeiende voorkoms van dwelm misbruik
- Groot behoefte aan Bybels in alle tale
- Jonger predikante kom in en neem gemeente nou op 'n nuwe "missionale"pad. Dit veroorsaak groot verwarring. Hulle het besluit om van meeste van die gemeente se sendelinge ontslae te raak. Hulle het al drie die hoof uitreikbedieninge van die gemeente toe gemaak. Daarna koop

hulle ’n lugversorger vir die kerkgebou met die geld wat vir die bedieninge bedoel was. Ons kon nog nie agter kom wat “missional” vir hulle beteken nie.

WATTER LESSE HET JULLE GELEER?

- Om te leer by die wat anders is as ons – diversiteit is ’n seën nie ’n vloek nie
- Groei is pynlik
- God is goed
- Soos Handelinge 11 en 12 ons leer is dit nodig om ’n verskeidenheid van leiers te hê vanuit verskillende agtergronde, denominasies en kulture.
- Die “NG”-verband moet losweg gedefinieer wees, aangesien die NG Kerk nie positief beskou word buiten by ons NG Kerkfamilie nie.
- Goeie teologiese agtergrond is baie belangrik asook ’n fyn aanvoeling om “tussen” kulture en sosiale stande te kan opereer.
- Ons luister nie genoeg na die gemeenskap nie
- Bemarking van die organisasie is ’n absolute noodsaaklikheid. Die gemeenskap moet slegs deur na die logo te kyk weet watter storie ons vertel. Sodra daar oormatig verduidelik moet word, verloor donateurs en individue belangstelling. Ons moet in een sin kan sê wat ons doen, en wie ons is.
- Terugvoering aan donateurs is belangrik vir twee redes. Die eerste om hulle daarvan te verseker dat hulle skenking goed aangewend word, asook om seker te maak dat hulle die organisasie in gedagte hou met enige fondsinsamelingsprojekte.
- Deurlopende kommunikasie aan vrywilligers is noodsaaklik om hulle opgewonde te hou, asook om enige konflik uit die weg te ruim.
- Sodra ’n projek moeite raak en gedryf word deur die direksie alleen, moet daar herbesin word of die projek werklik deel van die organisasie se raamwerk moet wees.
- Bediening word van onder af gevestig, nie van bo af nie – Stellastraat Faith Community het aan ’n reeds bestaande behoefte in die gemeenskap ’n uitleefplek gebied.
- Vertrou die Here om die bediening te laat slaag, eie krag maak jou moeg
- Geen bediening is sonder opoffering nie
- Dink nuut en droom asof alles moontlik kan wees
- Volhard ten spyte van uitdagings
- Moet nooit die dominee voorsitter van die kerkraad maak nie – die gemeente moet ’n bestuur hê wat met of sonder ’n dominee steeds kan funksioneer as ’n gemeente.
- Om geld te hê wat in ’n bankrekening lê het geen waarde as daar geen bediening meer is nie.
- Dat ons elkeen wat ons pad kruis met deernis en respek moet behandel
- Moet nie beloftes maak op grond van goeie bedoelinge nie as jy dit wat jy wil gee nog nie ontvang het nie.
- Gee alles wat jy wel ontvang en God sal herstel
- Moet nooit afwyk van die Woord nie
- Neem mense saam met jou op die pad. God het ’n roeping vir elkeen van ons. Elkeen se roeping lyk nie dieselfde nie. Vind jou roeping, leef jou roeping en laat mense toe om hulle roeping te leef.
- Die bediening behoort nie aan jou nie, dit behoort aan God. Moet nooit roem op dit wat vermag word nie, bly eerder in alles die minste en laat God die werk doen.
- Vertrou die proses en moenie probeer om alles alleen te doen nie.
- Ons het agtergekom dat die sogenaamde “inklusiewe spiritualiteit” eintlik eksklusief is omdat van behoudende gelowiges ontslae geraak word. Hierdie nuwe liberale teologiese benadering gaan die kerk se sending en uitreik die grootste skade besorg, wat waarskynlik onherstelbaar gaan wees.

WATTER WENKE SOU JULLE KON GEE VIR GEMEENTES WAT ‘N NUWE GELOOFSGEMEENSKAP WIL BEGIN?

- Daar sal altyd kritiek wees
- Begin sonder geld
- Liefde word geloofwaardig gekommunikeer, nie vanuit ’n posisie van mag nie, maar wanneer dit weerloos naby die nood waag
- Maak die donkerste plekke in die wêreld die grootste prioriteit

- Vriendskap en koinonia is geweldig belangrik – mense wil aanvaar word deur mense. Dit is hoe hulle God se liefde ervaar.
- Sterk Bybelse “teaching” is die fondament
- Hou ore op die grond in die gemeenskap om te hoor waar lê die behoeftes
- Bemagtig mense/lidmate om hulle visie te kan uitleef
- Hoor en doen, al mag die eerste poging dalk nie ’n sukses wees nie
- Wees geduldig. Sukses kom met die tyd...
- Vertrou volkome op die Here. Wees net kerk. Wees lief vir mekaar en vir die gemeenskap
- Bly verbind tot die uitdra van die evangelie binne die gemeente se identiteit en konteks – wees versigtig om nie ’n saak te oorvereenvoudig nie
- Kerk moet verbind wees daartoe om lidmate op te lei om te kan uitgaan, werk eers binne die gemeente om lidmate te bemagtig
- Dis belangrik om die finansies van so ’n bediening apart in te samel en dit so ver moontlik uit die gemeentefondse weg te hou, sodat as prioriteite skuif die fondse nie weer “na binne” aangewend word wat vir “na buite” bedoel was nie.

HOE IS DIE VERHOUDING TUSSEN DIE GEMEENTE EN DIE NUWE GEMEENSKAP GESTRUKTUREER?

- Maksimum vryheid, maksimum eenheid
- Die Arcadia Faith Community vorm ’n wykskerkraad van die gemeente. Ons sentrale kerkraad het ewe veel verteenwoordigers uit die Afrikaanse geloofsgemeenskap as van uit die Arcadia Faith Community. Ons hou kerkraad in engels en al ons korrespondensie is in engels.
- Die gemeenskap funksioneer as ’n diens van die NG Gemeente Capital Park Concordia en as ’n faith community van die NG Gemeente Pretoria.
- Die gemeente word aangemoedig om die geloofsgemeenskappe te sien as uitreikgeleenthede en word uitgenooi om in te skakel en hulle gawes te kom deel.
- Vision of Hope Foundation is die uitreikbeen van die gemeente en word die fondse van die organisasie daarom ook hanteer vanuit die kerkkantoor uit.
- Stellastraat Faith Community val tans onder die ekumeniese werkgroep wat as deel van die Diensgroep Uitreik verslag doen aan die kerkraad. SFC kies hulle eie bedieningsleiers wat bevestig word met ’n formulier soortgelyk aan die van die gemeenteleiers.
- Ons opheffingsprojek is 100% deel van die gemeente. Dit is deel van ons “kerkwees”.
- Daar is ’n vorm van sentraliteit in die totale verhoudings bestuur. Hierdie is nie ’n gemeente uitreik nie, maar ’n totale bediening waar die gemeente deel vorm van die wie bedien word. Die kerkgebou van die gemeente is die sentrum van die bediening waar mense oor grense heen met mekaar hande vat. Elke gemeente binne die gedieningsentrum fokus egter ook op sy eie, en ons eenheid in die diversiteit ons groter geloofsgemeenskap is in Christus. Dit is die model wat na buite toe uitgaan. Die verhouding is tussen mense en nie tussen strukture nie.
- Geen formele verhouding nie. Net ondersteuning. Aangesien die groep nooit regtig in ’n tradisionele erediens gevind sal word nie. Dus bedien ek hulle op ’n Sondag en ons bedien mekaar met ’n omgee verhouding. Die groep raak egter betrokke by gemeente aktiwiteite soos wildsfees en biltong en brood aand, ens.

ENIGE IETS ANDERS WAT JULLE GRAAG MET ONS WIL DEEL OOR DIE NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE?

- The Intention and the Community in Intentional Community op www.echoyouth.co.za
- Finansies moet van die begin af ’n belangrike aspek wees van kerkwees. Die gemeente moet sorg dat die nuwe geloofsgemeenskap so spoedig as moontlik na haarself kan omsien anders bly dit ’n afhanklike bediening waar, in ons geval, die wit mense steeds die mag het.
- My eie ingesteldheid is maar dat die uitdaging is om ’n verwelkomende gemeenskap in ’n geografiese gebied te wees en nie noodwendig om nuwe geloofsgemeenskappe te stig rondom belange groepe nie. Dit sal waarskynlik behels dat gemeentes se siening oor lidmaatskap moet verander. Ek besef hierdie is ’n minderheid siening, en in praktyk is ons gemeenskap alles behalwe indrukwekkend.
- Ons het nodig om mense te ontmoet in hulle leefwêreld. Individue moet holisties bedien word. Hierdie geloofsgemeenskappe ontstaan nie oornag nie, dit neem tyd, en baie vertroue. Verhoudings moet gebou word.

- Nuwe geloofsgemeenskappe kan slegs volhoubaar wees as die Woord van God die fondasie is. Leiers van die geloofsgemeenskappe moet altyd seker maak dat daar iemand in die proses opgelei word om die projek oor te kan neem op enige gegewe oomblik. Hierdie projekte kan nie afhanklik wees van net een of twee persone nie. Spanwerk is daarom die grootste geheim tot die sukses van volhoubaarheid.
- Gaan doen eerder niks as wat jy jou eie ding doen. Maak seker van jou roeping en wees gehoorsaam daaraan. Moenie sê ons kyk verby kleur en ras nie. Gaan leef verby kleur en ras.
- Dis nie so maklik soos dit lyk nie. Dit word dikwels alleen. Dinge werk nie altyd soos jy wil hê dit moet nie. Hou moed, die regte mense kom na jou groep toe. Geniet die mense vir wie hulle is. Nie vir ander motiewe nie (om lidmate te werf nie).